



Brief van die Hoofbeampte

Geagte Pensioenarisse

'n Nuwe president, 'n verhoging in die BTW-koers en die Australiese krieketspan in skande gedompel deur 'n sameswering om op die veld te konkel... beslis 'n jaar wat met 'n knal weggespring het! Indien dit 'n aanduiding is van wat nog voorlê, kan 2018 'n besige en gebeurtenisvolle jaar wees!

Hierdie volgepakte nuusbriëf bevat u betaaldatums vir 2018, gee die hoogtepunte van vanjaar se Nasionale

Begrotingstoespraak, herinner u aan die belangrikheid daarvan om u Bestaanssertifikaat in te dien, rig 'n uitnodiging om die Fonds se 34ste Algemene Jaarvergadering by te woon, en verskaf meer inligting oor die Trusteeverkiesings vir Pensioenarisse wat vir later vanjaar beplan word.

Lekker lees!

Ilse Hartlief
Hoofbeampte



Pensioenarisse se betaaldatums in 2018

U pensioen word elke maand op die **22ste** betaal. Indien die 22ste op 'n Saterdag val, sal u pensioen op die Vrydag in u rekening wees. Indien die 22ste 'n Sondag is, sal u pensioen op die Maandag in u rekening wees.

Ons weet dat die dag waarop u pensioen betaal word belangrik is vir u, dus het ons die datums vir u gerief ingesluit.

Oorblywende betaaldatums vir 2018

22 Mei	21 September
22 Junie	22 Oktober
20 Julie	22 November
22 Augustus	14 Desember

Begroting 2018

Die 2018-begrotings-toespraak is aan die einde van 2018 gelewer.

Ons het 'n samevatting opgestel om u te help om te verstaan hoe dit u sak raak.

Die begrotingstoespraak raak ons almal op die een of ander manier en ons hoop hierdie opsomming is bruikbaar.

Die BTW-koers is met ingang van 1 April 2018 van 14% tot 15% verhoog.



'n Verdere styging in die koste van basiese verbruiksgoedere kan dus verwag word.

Die gesondheidsbevorderingsheffing, waarvolgens belasting op die suikerinhoud van sap en koeldranke gehief sal word, is vanaf 1 April 2018 van krag.



Die belastingkoers is 2.1c/gram suikerinhoud bokant 4 g/100 ml.



Die sondige plesiertjies kos nou meer

Diegene wat ongefortifiseerde wyn verkies, sal 'n bykomende 23c per 750 ml moet opdok. Siders en alkoholiese vrugtesappe is 15c per 340 ml op. Die prys van sterk drank (spiritalieë) is R4,80 per 750 ml hoër. 'n Pakkie van 20 sigarette kos R1.22 meer. Sigare is R6,45 per 23 kg duurder.

Die brandstofbelastingheffing is met ingang van 4 April 2018 met 22c per liter verhoog.



Belê in 'n meer brandstofdoeltreffende motor, of sny u brandstofuitgawes deur 'n saamryklub te begin.

Boedels bokant R30 miljoen sal nou teen 25% belas word.



Maak seker u huis is voldoende gewaardeer.



Studente uit gesinne met 'n inkomste van minder as R350 000 per jaar sal gratis hoër onderwys en opleiding ontvang.

'n Bykomende bedrag van R57 biljoen is toegewys om die stelsel van gratis hoër onderwys op medium termyn te finansier. Dit sal 'n breër belastingbetalersbasis in toekomstige jare skep en ook die vaardighede en talent wat korporatiewe Suid-Afrika kan ontwikkel en bied, verhoog.

Algemene Jaarvergadering binnekort hier!

Die LA Aftreefonds kondig met trots aan dat sy 34ste Algemene Jaarvergadering binnekort gehou sal word.

Ons rig ons uitnodiging aan alle pensioenarisse wat graag by ons wil aansluit wanneer ons die uitdagings en suksesse van die afgelope jaar, asook ons visie vir die jaar vorentoe, bespreek.

Die AJV sal op Vrydag 25 Mei 2018 om 09:00 in die CR Louw-lesingsaal by Sanlam se hoofkantoor in Strandweg, Bellville gehou word.



Ons hoop om u daar te sien!

Onthou om u Bestaanssertifikaat in te dien!

Alle pensioenarisse wat 'n maandelikse inkomste uit die Fonds ontvang, moet elke jaar 'n Bestaanssertifikaat invul en indien. Die sperdatum vir die indiening van u voltooië Bestaanssertifikaat is 31 Augustus 2018. As ons nie voor die sperdatum 'n voltooië Bestaanssertifikaat van u ontvang nie, sal u pensioen in September opgeskort word en sal dit eers weer uitbetaal word sodra die vereiste dokumentasie ingedien is.

Nie seker of die Fonds u Bestaanssertifikaat ontvang het nie?

Ons stel voor dat u ons by 021 943 5305 skakel en ons sal dan kan bevestig of u Bestaanssertifikaat ontvang is. Onthou asseblief dat u die sertifikaat na 021 917 4114 kan faks, of dit na support@laretirementfund.co.za kan e-pos.

Het u besonderhede verander? Stel ons asseblief in kennis.

Moet asseblief nie vergeet om die LA Aftreefonds in kennis te stel indien u adres, persoonlike besonderhede of bankbesonderhede verander nie. Indien u bankbesonderhede verander, stel asseblief die Fonds voor die 10de van die maand skriftelik in kennis sodat u pensioen in u nuwe rekening betaal kan word. Enige kennisgewings wat ná die 10de van die maand ontvang word, sal eers die volgende maand geïmplementeer word.

Sorg ook asseblief dat ons u e-posadres en selfoonnommer het ten einde seker te maak dat u alle fondsmededelings betyds ontvang.



Let op die komende Trusteeverkiezing vir Pensioenarisse

Vanaf 1 Januarie 2019 sal daar 'n vakature vir 'n Pensioenarisse-verkose Trustee wees.

Wees gereed om 'n kandidaat te benoem, of net te stem vir die kandidaat wat u meen u belange die beste op die Fonds se Raad van Trustees kan verteenwoordig.

U sal teen Julie 2018 meer inligting ontvang oor hoe, waar en wanneer u bogenoemde kan doen.

Die mag is in u hande!

